# RIGLYNE VIR PREDIKING OOR SPR 16:32

SWJ BOTHA[1]

## 1 INLEIDING

Reël A: טוב ארך אפים מגבור
Reël B: ומשל ברוחו מלכד עיר

> Beter is 'n geduldige (stadig in toorn) as 'n held en (beter is) hy wat sy gees beheers as een wat 'n stad inneem.[2]

Spr 16:32 kom voor in dié literatuur van die Ou Testament wat 'n wysheidsperspektief op die werklikheid belig. Wie oor Spr 16:32 wil preek, sal die unieke karakter van hierdie literatuur deeglik moet verreken. Hierby is Spr 16:32 nog 'n besondere tipe spreuk, naamlik 'n *tob*-spreuk met sy eie formele merkers vir verstaan. Wat prediking oor Spr 16:32 verder bemoeilik, is enersyds die kulturele en filosofiese gaping tussen toe en nou wat net té groot is, en andersyds die feit dat daar geen konteks is waarin hierdie spreuk voorkom nie. Ten spyte van hierdie moeilikhede, wil Spr 16:32, net soos die ander spreuke, sy leser of hoorder nader bring aan 'n ordelike en suksesvolle lewe in ooreenstemming met die wil van God. Om die kernboodskap (etos-waarde[3]) van 'n afsonderlike spreuk soos Spr 16:32 te bepaal, is 'n eksegeet algeheel afhanklik van die struktuur wat die inhoud van die spreuk dra. 'n Verantwoordbare wyse om die struktuur te ontsluit, is 'n poëtiese analise van Spr 16:32 teen die agtergrond van die unieke aard van die wysheidsliteratuur. Op hierdie wyse sal die kernboodskap van Spr 16:32 eers vasgestel moet word, alvorens dit in verband gebring word met ander Skrifgedeeltes en met die geheel boodskap van die Bybel. 'n Onkontroleerbare spekulasie oor die inhoud van Spr 16:32 sal só verhoed word. Dit staan die eksegeet vry om ook ander eksegetiese reëls wat geld vir narratiewe, juridiese en profetiese

1 Mnr SWJ Botha, Tydelikse - deeltydse dosent, Departement Ou Testament, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

2 Die ou Afrikaanse Bybelvertaling word gebruik wat meer letterlik die oorspronklike teks weergee.

3 Die riglyne wat die afsonderlike spreuke bevat ten opsigte van 'n ordelike lewe, is die gedeelde of aanvaarde waardes waarop die etos van 'n bepaalde gemeenskap gebaseer is. Hierdie etos vind sy bestaansreg in die Goddelike orde. Etos-waardes is eties van aard, en is riglyne vir 'n ordelike lewensbestaan wat klop met die Goddelike orde (Nel 1982:91).

tekste, by te werk by hierdie poging om die kern van Spr 16:32 gekontroleerd vas te stel.

## 2 'N POËTIESE ANALISE VAN SPR 16:32

Die struktuur van 'n *tob*-spreuk soos Spr 16:32, word onderskei deur *tob* en die komparatiewe *min*: *Tob* + A + *min* + B (A is beter as B). Hierdie *tob-min*-konstruksie is gestruktureer in 'n komplekse parallelle koeplet waarin die dele in binêre opposisie ten opsigte van mekaar staan. 'n *Tob*-spreuk moet hanteer word volgens hierdie eiendomlike formele merkers ten einde die etos-waarde wat dit in homself bevat, bloot te lê. Soos alle proverbiale vorme, vertoon 'n *tob*-spreuk ook 'n duidelike poëtiese struktuur (Hildebrandt 1985:274). Die inhoud van so 'n spreuk sal dus afhanklik wees van 'n poëtiese ontsluiting van die struktuur daarvan (vgl Thompson 1974:68).

Om die eiendomlike struktuur van Spr 16:32 as 'n *tob*-spreuk te ontsluit, is 'n omvattende benadering tot 'n gedigteks noodsaaklik. Hiervolgens is die parallelisme in Spr 16:32 'n taalspesifieke parameter vir die twee dig verwante poëtiese versreëls (koeplet). Binne die koeplet is 'n beginsel van herhaling multidimensioneel werksaam deur alle tekstuele en nie-tekstuele elemente op alle vlakke in die teks saam te bind tot een betekenis wat deur die teks in sy geheel gekommunikeer word (Nel 1989:69-71; 1992:139-142). 'n Koeplet is verder konseptueel gestruktureer volgens die beginsel van binariteit. Hiervolgens word betekenis in 'n koeplet net gekonstitueer deur die onderlinge en wedersydse relasies tussen die items van die koeplet wat in jukstaposisie geplaas is (Botha 1994:65-85). Só wil 'n *tob*-spreuk deur middel van sy struktuur, 'n appèl maak op sy leser of hoorder se intellek ten einde hom te bring tot die innerlike oortuiging om daardie manier van lewe wat die spreuk wil bevorder, heelhartig te aanvaar. Hierdie manier van lewe sal dan klop met die etos van die wysheid (Thompson 1974:25). Spr 16:32 kan nou soos volg geanaliseer word op elke vlak van die teks:

Op *morfologiese vlak*, dien die partisipiële vorme (משל, מלכר) in reël B as eksplikasie van die nominale vorme (ארך אפים en מלכר) in reël A. Eers in reël B is dit duidelik waarom "stadige in toorn" of "geduldige" as opposisie van "held" geld. Die held gaan oor tot die daad (stad inneem), maar die geduldige kan *beheer uitoefen*. Om beheer uit te oefen, word in Spr 16:32 as 'n hoër deug geëvalueer.

Op *leksikale vlak* word dit duidelik dat die A-deel van beide reëls verwant is aan mekaar ten opsigte van waardes: Beide praat oor dieselfde waardes, naamlik geduld of beheersdheid. Net so kan die B-dele van elke reël met mekaar geassosieer word ten opsigte van verwante waardes, naamlik heldhaftigheid. Al hierdie relasies waartoe Spr 16:32 die leser of hoorder wil lei, word bevestig op die vlakke wat volg.

Op *sintaktiese vlak* funksioneer die A-dele van Spr 16:32 as sinonieme en die B-dele as sinonieme. Iemand wat sy gees beheers is geduldig en iemand wat 'n stad inneem, is 'n held. Tog word die assosiatiewe relasie waarin die A-dele tot die B-dele staan nou ook hier belangrik met die herhaling van die partisipium in reël B asook die herhaling van identiese tekens tussen die A- en B-dele van albei reëls soos dit op die semantiese vlak duidelik blyk.

Op *semantiese vlak* kan gesien word dat al die assosiasies wat tot dus ver gemaak is, daarop wys dat die "geduldige" van reël A in dieselfde verhouding staan tot die "held" van reël A as wat "een wat sy gees beheers" (reël B) staan tot "een wat 'n stad inneem" (reël B). Die A-dele van beide reëls moet dus gesamentlik in relasie gelees word met die B-dele van beide reëls. Volgens die beginsel van binariteit kan A net in relasie tot B verstaan word. Spr 16:32 wil 'n paradoks skep tussen geduld en trotse heldhaftigheid deur die leser of hoorder op elke vlak te lei tot 'n assosiatiewe relasie tussen die twee sake wat vergelyk word. Die doel hiervan is om die essensie van die spreuk te aksentueer.

In hierdie spreuk word goed (held wees) opgeweeg teen beter (geduldig wees). Om 'n held te wees word nie afgekraak nie, maar die "held wees" word as standaard gestel en "geduld" as beter as die standaard. Om 'n held te wees is baie aanloklik en uitdagend, maar in relasie tot geduld, is geduld eerder die norm wat moet geld. Uit die natuurlike ervaring is geduld meer "in orde" as om 'n held te wees. "Geduld" en "held" aan die een kant en "gees beheers" en "stad inneem" aan die ander kant word in jukstaposisie geplaas, sodat dit vir die leser of hoorder duidelik kan blyk waarom "geduldig wees" "soveel meer is" of "swaarder weeg" as hoogmoed. Die ooreenkomste en die verskille tussen geduld en hoogmoed konfronteer die leser met 'n intellektuele keuse ten gunste van geduld.

Hierdie semantiese drakrag van Spr 16:32, word duidelik deur die konsepte "geduldig", "held", "gees beheers" en "stad inneem", in relasie tot mekaar te verstaan teen die agtergrond van 'n destydse oorlogsituasie (Wehrle 1993:187-190).

*Geduld* het 'n belangrike rol gespeel by die Ou Israeliet: Die verdeling van buit het gewoonlik na die oorwinning oor die vyand plaasgevind. Dié wat die buit verdeel het, is dan voorgestel as die hoogmoediges (Spr 16:19). Om buit te verdeel saam met die hoogmoediges, het beteken om iets in gemeen te hê met hulle en dit het so aanloklik voorgekom, dat dit 'n persoon tot 'n val kon bring (Spr 16:18). Die trotse en hoogmoedige is dan ook deur God verwerp. In Spr 14:29 word die lankmoedige aangeprys as 'n man van groot verstand teenoor dié een wat gou kwaad word. Die beheersing van emosies word dus hier voorop gestel.

'n *Held* was weer 'n besondere sterk en magtige persoon wat groot dade verrig het met trotsheid en triomfantlikheid. Die getallespreuk in Spr 30:29-31 wil juis die trotsheid en triomfantlikheid beklemtoon wat gepaard gaan met die held se optrede. Die leeu, die bok en uiteindelik die koning met sy troepemag word aangeprys as die "held" wat statig kan wegstap en verseker kan wees van die oorwinning. Die trotsheid van die held kan egter maklik lei tot hoogmoed wat aan die held 'n geringe waardebepaling kan toeken. In Spr 19:19 is dit egter die wyse wat die kenteken van lankmoedigheid dra.

Om 'n *stad in te neem,* was destyds 'n beeld van sterkte, krag en oorwinning wat uiting vind in geweld. Hierdie handeling was 'n aanduiding van onbeheersdheid (Spr 25:28). Om 'n stad sonder 'n muur te beskerm, was net soos 'n man wat hom nie kan beheers nie. In Spr 21:22 word 'n wyse besing as die sterke wat die held se vesting laat val. In beide hierdie spreuke word die ideale houding van die wyse geskilder, naamlik as beheersdheid.

*Beheersheid* word nou, volgens Wehrle (1993:190), in Spr 16:32 gebruik om 'n duidelike lewensideaal daar te stel wat vir die individu bruikbare en nadenkingswaardige leiding kan gee om negatiewe uiterlike emosies te beheers. Die wyse sien die ware en diepere beweegredes hiervoor en daarop bou hy sy karakter en daaruit kom voortvloeiende dade wat pas by die wysheid. Die ideale weg wat dus hier voorgestel word, is die weg van nederigheid en beskeidenheid.

*Dus:* Dit was algemene kennis dat 'n held en die inname van 'n stad gepaard gegaan het met hoogmoed en trotsheid. Sulke hoogmoed het dikwels geweld en allerlei gemene dade veroorsaak soos die ervaring geleer het. Net beheersdheid kon egter hierdie negatiewe uiterlike emosies beheer. Dade wat hieruit voortgevloei het, het vrede en harmonie bewerkstellig wat in lyn is met wat voorgestel is as bedoelde orde. Hierdie

hele koeplet konstitueer dus een betekenis wat wys dat geduld 'n deug is wat altyd orde skep, maar om 'n held te wees kan lei tot 'n gedragswyse wat die orde kan teëwerk.

Spr 16:32 wil elke leser of hoorder daarvan, oorreed om die beter waarde (geduld) met groter voordeel te kies en aan te gryp. So sal hy sy leefwêreld kan orden en beheer en bekend staan as 'n wyse en 'n gehoorsame aan Jahwê. Hy wat reg kies, se lewe kry betekenis en hy word beloon met voorspoed en die hele gemeenskap baat by sy innerlike vrede. Die kennis wat die leser of hoorder deur middel van die jukstaposisie opdoen van geduld en hoogmoed, skep spanning en dwing die hom tot geduld.

Op *fonologiese vlak* word al die assosiatiewe relasies wat tot dusver uitgewys is en die semantiese funksionalitiet daarvan, nou baie duidelik:

In reël A van Spr 16:32 word *m* en *r* ( אֶרֶךְ אפים מגבור ) as identiese tekens herhaal in beide A en B. In reël B word m, r en l as identiese tekens herhaal in beide A en B ( ומשל ברוחו מלכד עיר ). Hierdie herhaling van die identiese tekens skep onmiddellik 'n assosiatiewe relasie tussen die A en B dele van beide verse. Reël A en B word nou ook in 'n relasie tot mekaar betrek deur die herhaling van *m* ( אפים מגבור, מלכד ), *r* ( עיר, מגבור, ברוחו, אֶרֶךְ ), *b* ( טוב, מגבור, ברוחו ) en *k* ( אֶרֶךְ, מלכד ) as identiese tekens in beide reëls. Ook word deel A van reël A en deel A van reël B by mekaar betrek in 'n assosiatiewe relasie deur die gemeenskaplike identiese tekens. Op dieselfde wyse word die A-dele by die B-dele en die B-dele by die A-dele van beide reëls betrek in assosiatiewe relasies. Die assosiasies lei die leser of hoorder om bepaalde items in samehang met mekaar te lees.

Dieselfde assosiasies en samehang word bevestig deur te let op die herhaling van identiese vokaaltekens: Deel A en B van reël A word afsonderlik en gesamentlik saamgebind tot onderlinge assosiasie deur die herhaling van *a*, ε, *i* en *o* ( טוב אֶרֶךְ אפים מגבור ). Deel A en B van reël B word weer saamgebind deur die herhaling van *o/ô*, *i/î*, *e* en *û* ( מלכד עיר ומשל ברוחו ). Reël A en B word nou weer eens in 'n relasie tot mekaar betrek deur die gemeenskaplike herhaling van *i/î* en *o/ô* ( ברוחו מלכד עיר טוב, אפים מגבור ומשל ). Ook hier word deel A van reël A en deel A van reël B by mekaar betrek in 'n assosiatiewe relasie deur die gemeenskaplike identiese tekens. Net soos hierbo, word die A-dele by die B-dele en die B-dele by die A-dele van beide reëls betrek in assosiatiewe relasies.

In die *lynformasie* van reël A word "geduld" en "held" in jukstaposisie geplaas en in reël B "een wat sy gees beheers" en "een wat 'n stad inneem". Hierdie konsepte is dus só gestruktureer, dat 'n binêre relasie tot stand kom wat die leser of hoorder in staat stel om hierdie konsepte teenoor mekaar op te weeg en met mekaar te vergelyk. Juis in opposisie tot mekaar word die ooreenkomste en die verskille tussen die konsepte duidelik. Só kan die leser of hoorder oortuig word watter konsepte "swaarder in gewig" is. Posisie self is dus funksioneel tot die betekenis.

Op die vlak van *teksformasie*, vind daar in Spr 16:32 as geheel, 'n indirekte verwysing en sinspeling plaas tussen "geduldig" en "een wat sy gees beheers" aan die een kant en "held" en "een wat 'n stad inneem" aan die ander kant. Hierdie twee sinspelings word egter geskep deur die antitetiese binêre relasie waarin hierdie konsepte tot mekaar geplaas is. Soos reeds aangetoon, word die beginsel van binariteit versterk deur die morfologiese kenmerke van Spr 16:32, die identiese tekens op die fonologiese vlak en die sinonimiese aard van hierdie konsepte op sintaktiese vlak.

## 3 SPR 16:32 EN DIE UNIEKE AARD VAN DIE WYSHEIDSLITERATUUR

### 3.1 Spr 16:32 se plek in die wysheidstradisie

Spr 16:32 maak deel uit van die B-versameling in Spreuke wat bekend staan as die "Spreuke van Salomo". Al die spreuke in hierdie versameling is afsonderlike en kontekslose spreuke met elk sy eie topiek. Al word hierdie versameling na-eksilies gedateer (Loader 1987:43; McKane 1970:413) weens die Aramese invloed daarin te bespeur, moet verreken word dat ook hierdie versameling in Spreuke 'n lang groeiproses ondergaan het. Dit beteken dat baie spreuke in hierdie versameling in gebruik was nog voor die tyd van Salomo en wel in die primitiewe famielie van die pre-monargale tyd[4]. In die daaglikse lewe van die famielie op die

4 Daar word toenemend aanvaar dat die oorsprong van die wysheid in die familie of klan van die pre-monargale periode setel. Hiervolgens het al die Israeliete in verskillende mate gedeel in 'n wysheidsbenadering tot die werklikheid wat hulle daaglikse ervaring en begrip van die werklikheid bepaal het (vgl Crenshaw 1981:56,93; Whybray 1994:129; Wittenberg 1991: 152-157). Die etiese riglyn van Spr 16:32 sal dus van toepassing wees op die armes, rykes en die koning. Famieliewysheid is geïnkorporeer in die didaktiese

platteland het die ouers die kinders opgevoed volgens die praktiese ervaringswysheid met die doel om die lewe te bemeester en te beheer. In die familie is geleer dat elke daad sy gevolg gehad het. Waar geduld en selfbeheersing vrede en harmonie bewerkstellig het, het hoogmoed weer geweld veroorsaak. Eersgenoemde het die familie ordelik laat funksioneer en ook ordelik en regverdig laat saambestaan met sy omgewing, die gemeenskap en met Jahwê. Die etos-waarde van Spr 16:32 gee dus 'n definitiewe aanduiding van die *Sitz im Leben* van hierdie spreuk. Volgens Spr 16:32, laat deugde soos nederigheid, selfbeheersing en geduld, die Goddelike orde in die leefwêreld van die familie realiseer.

## 3.2 Spr 16:32 se plek in die etos van die wysheid

Soos ander spreuke, is ook Spr 16:32 'n formulering van die Godgegewe orde in die werklikheid. Die riglyn van Spr 16:32 wil 'n inherente wet wees wat appelleer op 'n leser of hoorder se intellek, sodat die hy of sy tot 'n vrye respons gebring kan word. Die regte respons sal 'n suksesvolle en betekenisvolle lewe verseker wat ooreenstem met die regte etiese gedragswyse naamlik geduld en selfbeheersing. Die regte etiese gedragswyse sal harmonie bewerk met die Godgegewe orde in die werklikheid. Waar iemand nie sy lewe onderwerp aan hierdie orde-beginsel nie, daar neem chaos en dwaasheid oor. Dit is slegs die wyse wat sy eie verantwoordelikheid insien ten opsigte van sy etiese lewenswyse (Nel 1982:106). In sy eie lewenswyse herken hy die chaos wat die orde van God skend (Nel 1982:121) en daarom laat hy toe dat die ideale orde sy sosiale en individuele bestaan binnedring om die regte daaglikse lewenswyse te verseker. Die keuse berus by die leser of hoorder wat hom wil laat oortuig al dan nie.

Slegs hy wat deel in die beginsel van die "vrees van die Here" sal kan kom tot die bepaalde lewenswyse wat in Spr 16:32 vermeld word. Hierdie beginsel skep 'n persoonlike verhouding tussen mens en God. Dit kom tot stand deur die geskape orde intellektueel te herken en deur in te skakel by daardie orde. Die etiese riglyn van Spr 16:32 wil help om hierdie verhouding waar te maak (vgl Nel 1982:107) deur die individu se lewe meer in harmonie met God se wil te bring (Nel 1982:95-96). Die een in wie se lewe die Godgegewe orde realiseer ooreenkomstig die riglyn in

materiaal van die verskeie institusies van die hofgesentreerde administrasie (Nel 1982:79-81).

Spr 16:32, beleef onmiddellik 'n religieuse verhouding met God. Sy "vrees van die Here" bring hom daartoe om die etos wat gekommunikeer word, te herken en te implementeer as die wil van God.

## 4 TEOLOGIESE HANTERING VAN SPR 16:32

In die wysheidsliteratuur self en by name in Spreuke is daar egter geen sprake van óf die heilshandelinge van God óf van die verbond wat God met sy volk gesluit het nie (Childs 1985:210). Die verhouding wat hierbo ter sprake is, is een wat gedefinieer word in terme van dit wat tipies is aan die wysheid en nie wat tipies is van die verbond nie. Al funksioneer die wysheid nie in 'n tipiese verbondsverhouding nie, word gelowige verbondsmense as die respondeerders nog steeds veronderstel. In die verbond is gehoorsaamheid aan die *Tora*, die manier waarop gerespondeer word op die heilshandelinge van God. Die wysheidsliteratuur is ook 'n gelowige antwoord op God se heilshandelinge, maar dan 'n antwoord wat nie deur die verbond en die *Tora* gedefinieer word nie, maar deur ervaringskennis van die werklikheid. Dit bring mee dat die verhouding tussen wysheid en die *Tora*, een van gelykheid is waarin wysheid alleen moontlik is deur gehoorsaamheid aan die *Tora*. Die orde wat deur die wysheid geopenbaar word, is een en dieselfde orde as dié wat deur die *Tora* bekendgemaak word as God se wil of orde. Die doel van die individuele spreuke is om met 'n eie unieke karakter die mens, wat 'n persoonlike verhouding met God het, se lewe in harmonie met God se wil te bring (Nel 1982:95-96). Childs (1985:212) het dit hiermee eens dat die wysheid en die *Tora* radikaal verskillende "beginpunte" het in terme van teologiese posisie terwyl daar 'n oorvleueling is tussen die bepaalde lewenswyse wat die wysheid wil oproep en dié wat deur die *Tora* van verbondsmense gevra word. Die rede hiervoor sê Childs is dat beide die wysheid en die *Tora* 'n innerlike verbintenis aan God en sy orde veronderstel en dat beide die volk van God in staat wil stel tot en lei op die weg van 'n regte respons.

'n Nuwe Testamentiese verbondsmens het dus belangrike vrae wat hy moet vra: Hoe kan Spr 16:32 as 'n etiese riglyn bydrae om sy verloste lewe prakties voor God te orden? Hoe kan Spr 16:32 verdieping bring in sy persoonlike verhouding met God en hom meer in harmonie bring met die wil (orde) van God soos dit opgeteken is in die Tien Gebooie? Hoe kan Spr 16:32 hom help om die lewe met groter sukses en beheer te

bemeester? Slegs deur toe te laat dat die deugde van geduld, beheersdheid, nederigheid en beskeidenheid sy individuele en sosiale bestaan binnedring sodat dít sy karakter kenmerk. Die verbondsmens in wie se lewe dít waar word, sal alle negatiewe uiterlike emosies soos geweld, hoogmoed en trotsheid kan beheer. Vrede en harmonie sal sy lewe kenmerk en in die oë van God sal hy wys lewe. Dié leser of hoorder wat homself egter nie intellektueel wil laat oortuig van hierdie etos-waarde nie, staan self verantwoordelik vir sy lewe wat "verwoesting" gaan saai. In die oë van God is hy 'n dwaas wat buite die wil (orde) van God lewe. In plaas van 'n verdiepte verhouding met God, sal hier eerder sprake wees van 'n vervlakking in sy persoonlike verhouding met God. Die oortuigingskrag van Spr 16:32 wil die leser of hoorder dring tot dié keuse met groter voordeel waarby almal rondom hom sal baat.

Die Christen weet dat die Tien Gebooie juis van ons uit liefde 'n sensitiewe optrede teenoor ons naaste vereis. Geduld, selfbeheersing en nederighheid sal 'n wag voor ons mond sit en voor elke daad. Die liefde wat lei tot die volle uitvoering van die wet, kan juis deur Spr 16:32 in ons lewe verfyn word. Deur die Heilige Gees kan die deugde van geduld, selfbeheersing en nederigheid as deel van die vrug van die Gees (Gal 5:22), ons totale bestaan binnedring. So sal ons al meer in harmonie kom met die nuwe lewe wat Jesus Christus ons bied in ooreenstemming met die wil van God. Spr 16:32 wil ons meer sensitief maak vir enigiets in ons lewe wat die sonde en die chaos wat dit bewerk, wil dien deur ons te waarsku teen hoogmoed en trotsheid wat geweld en allerlei gemene (liefdelose) dade veroorsaak. Gaan ons ons laat oortuig deur Spr 16:32 onder leiding van die Heilige Gees?

Ons beleef 'n samelewing wat hom nie meer maklik laat oortuig van die Waarheid nie. Hier kan die praktiese intellektuele oortuigingskrag van die wysheidsriglyne soos in Spr 16:32, 'n belangrike rol speel. Aan die ander kant worstel mense toenemend met die praktiese singewing van die lewe. Daar is byvoorbeeld 'n soeke na praktiese sukses met en beheer oor intermenslike verhoudinge. Met die oortuigingskrag van Spr 16:32, kan ouers reeds vroeg vir hulle kinders die deugde van geduld, selfbeheersing en nederigheid aanleer deur hulle te wys op die praktiese voordele en waarde daarvan, sodat dit vanuit die familie al verder kan uitkring. Ons sal soveel harmonie en vrede kan skep en die lewe met al sy verhoudingsprobleme, soveel makliker kan bemeester!

# Bibliografie

BOTHA S W J

1994. *'n Beskrywing van die Poëtiek en Etos van die Tob-spreuk in die Israelitiese Wysheidsliteratuur*. Bloemfontein: UOVS.

BURDEN J J & PRINSLOO W S (reds.)

1987. *Tweegesprek met God*. Kaapstad: Tafelberg.

CHILDS B S

1985. *Old Testament Theology in a Canonical Context*. London: SCM Press.

CRENSHAW J L

1981. *Old Testament Wisdom: an introduction*. London: John Knox.

HILDEBRANDT T A

1985. *Proverbial poetry*. Ann Arbor: University Microfilms International.

LOADER J A

1987. Spreuke. Burden & Prinsloo (reds.) 1987:41-48.

MCKANE W

1970. *Proverbs: a new approach*. London: SCM Press.

NEL P J

1982. *The Structure and Ethos of the Wisdom Admonitions in Proverbs*. Berlin: Walter de Gruyter.

NEL P J

1989. Ou Testamentiese Poësie. Metodologie en Perspektief. *Acta Academica* 21 (3), 61-77.

NEL P J

1992. Parallelism and Recurrence in Biblical Hebrew Poetry: a theoretical proposal. *Journal of Northwest Semitic Languages* XVIII, 135-143.

THOMPSON J M

1974. *The Form and Function of Proverbs in Ancient Israel*. The Hague: Mouton.

WEHRLE J

1993. *Sprichwort und Weisheit*. St. Ottilien: EOS Verlag.

WHYBRAY R N

1994. *The Composition of the Book of Proverbs*. Sheffield: Academic Press.

WITTENBERG G H'
.1991. Job the Farmer: the Judean *"am ha'ares* and the Wisdom Movement. *Old Testament Essays 4 (2), 151-170.*